**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE
**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

20c | Dinsdag 22 April 1980 | WINDHOEK | Tuesday 22 April 1980 | No. 4124

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

N. J. DAVIN
*Sekretaris van die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika*

Windhoek

No. AG. 31 — 22 April 1980

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 19 van daardie Proklamasie:—

No. 5 van 1980 — Wysigingswet op Identifikasie van Persone, 1980

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

N. J. DAVIN
*Secretary of the National Assembly of South West Africa*

Windhoek

No. AG. 31 — 22 April 1980

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

The following Act, which has been adopted by the National Assembly of South West Africa and signed by the Administrator-General in terms of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979) is hereby published in terms of section 19 of that Proclamation:—

No. 5 of 1980 — Identification of Persons Act, 1980

Wet No. 5, 1980

# WYSIGINGSWET OP IDENTIFIKASIE VAN PERSONE, 1980

*(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 15 April 1980)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Identifikasie van Persone, 1979, ten einde die omskrywing van "identiteitsdokument" te wysig en om vir vrystelling van inkomstebelasting van sekere besoldiging of toelaes en vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 2 van 1979.

1. Artikel 1 van die Wet op Identifikasie van Persone, 1979 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die volgende paragraaf by die omskrywing van "identiteitsdokument" te voeg:

"(d) met betrekking tot 'n persoon wat in die gebied gebore is maar nie gewoonlik daarin woonagtig is nie, ook die een of ander dokument in paragraaf (b) vermeld;".

Invoeging van artikel 10*bis* in Wet 2 van 1979.

2. Die volgende artikel word ná artikel 10 van die Hoofwet ingevoeg:

"10*bis*. Enige besoldiging of toelae wat ter bereiking van die oogmerke van hierdie Wet betaal is of staan te word –

(a) aan 'n persoon wat nie in die voltydse diens van die Staat is nie; of

(b) aan 'n persoon benewens sy besoldiging of toelae as 'n persoon in die voltydse diens van die Staat,

word by die toepassing van 'n wet wat 'n belasting op inkomste hef, nie as inkomste beskou nie.".

Kort titel.

3. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Identifikasie van Persone, 1980.

*(English text signed bv the Administrator-General on 15 April 1980)*

# ACT

**To amend the Identification of Persons Act, 1979, so as to amend the definition of "identity document" and to provide for exemption from income tax of certain remuneration or allowances and for incidental matters.**

BE IT ENACTED by the National Assembly of South West Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 2 of 1979.

1. Section 1 of the Identification of Persons Act, 1979 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the addition of the following paragraph to the definition of "identity document":

"(d) in relation to any person born in but nor ordinarily resident in the territory, also any document specified in paragraph (b);".

Insertion of section 10*bis* in Act 2 of 1979.

2. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 10:

"10*bis*. Any remuneration or allowance paid or to be paid for the purpose of achieving the objects of this Act —

(a) to any person not in the full-time employment of the State; or

(b) to any person in addition to his salary or allowance as a person in the full-time employment of the State,

shall, for the purposes of any law imposing any tax on income, not be regarded as income.".

Short title.

3. This Act shall be called the Identification of Persons Amendment Act, 1980.